21 Gebede

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Jeremia se gebed

## Jeremia 32:17-25

*Die tradisie het 'n beeld van Jeremia geskep as die hartseer profeet. Tog was hy op 'n spesiale en unieke manier die profeet van hoop. Sy hoop was net op God gevestig.*

*Jeremi se gebed is een van hoop midde-in tragedie, lyding en hopeloosheid. Sy egte langdurige en effektiewe hoop is gegrond in God.*

*Sy gebed soek na 'n antwoord, maar vind dat God self in 'n hooplose, betekenislose situasie die oorwinning van hoop kan gee. Hoop in God gaan nooit dood nie. (Bybel 24/7)*

*Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.*

*Hoe pas die gebed by jou lewe in?*

*Watse emosies kom na vore as jy die gebed lees?*

*Bid hierdie teksgedeelte..*

Huiskerk
Quellerina Gemeente

# 21 Gebede

## Jeremia se gebed

Lees Jeremia 1: 1-5. Wat vertel dit ons van Jeremia se roeping?

Lees Jeremia 1: 4, 5. Watter aanmoediging en vertroosting moes Jeremia uit hierdie woorde gekry het?

God ken die einde van die begin af. Watter troos kan ons daaruit kry as ons deur die uitdagings van die lewe gaan?